



in vennootskap met die



NASIONALE BYBELVASVRA: REGLEMENT

1. NAAM

Die Rapportryerbeweging se Nasionale Bybelvasvra – hierna genoem die Bybelvasvra.

2. DOELSTELLINGS

- Bevordering en handhawing van die jeug se liefde vir die Bybel en Bybelstudie.
- Bevordering van die jeug se kennis en hanteringsvermoë van die Bybel.
- Bevordering van die jeug se kommunikasievermoë.
- Bevordering van die jeug se samewerkingsvermoë.
- Bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur.

3. AANBIEDING

Die Bybelvasvra word deur die Bybelvasvra- Komitee in opdrag van die Rapportryerraad aangebied.

4. INSKRYWINGSGELD

- 4.1 Inskrywingsgelde word jaarliks gehê soos deur die Rapportryerraad goedgekeur.
- 4.2 Inskrywingsgelde moet die inskrywingsvorm vergesel.
- 4.3 Geen inskrywingsgelde is terugbetaalbaar nie.

5. INSKRYWINGSREËLS

- 5.1 Slegs leerders seuns en/of meisies tot en met Graad 7 mag inskryf.
- 5.2 'n Span bestaan uit vier (4) leerders van 'n skool, gemeente of ander instansie, soos 'n kinderhuis en slegs spanne wat ingeskryf is mag deelneem.
- 5.3 'n Leerder mag slegs in EEN span deelneem, en wel vir die span waarvoor die leerder ingeskryf is.
- 5.4 Deur inskrywing onderwerp skole, gemeentes, instansies, spanne en deelnemers hulle aan hierdie reglement, reëls, regulasies, reëlings, organisasie, pryse en alle verordeninge wat in

besonder, of in die algemeen behoudens die toesig en bevoegdheid van die Rapportyerraad, deur die Bybelvasvra komitee vir die Bybelvasvra voorgeskryf word.

6. PRYSE

- 6.1 Pryse word jaarliks deur die Bybelvasvra komitee bepaal.
- 6.2 Geen deelnemer, span, skool, gemeente instansie of kinderhuis het enige aanspraak op 'n prys voordat die prys nie amptelik oorhandig of gewen is nie.
- 6.3 Die Bybelvasvra komitee behou hom die reg voor om te eniger tyd enige prys tot niet te verklaar of te wysig.

7. AARD VAN DIE BYBELVASVRA

- 7.1 Die Bybelvasvra word oor twee (2) uitdunronndtes, met spesifieke voorgeskrewe skrifgedeeltes, en een (1) finale rondte beslis.
- 7.2 Die tien (10) spanne met die hoogste punte na afloop van die twee (2) uitdunronndtes, sal aan 'n finale rondte deelneem.
- 7.3 Die Bybelvasvra komitee sal, sodra die inskrywings sluit, bepaal waar uitdunronndtes sal plaasvind.
- 7.4 Alle skriftelike besware en /of aanbevelings aan die Bybelvasvra komitee sal beantwoord word.

8. BEAMPTES

Die Bybelvasvra komitee sal, waar nodig, organiseerders / aanbieders aanwys.

9. BORGES

Die bevoegdheid van, en skakeling met die borg(e), word deur die Bybelvasvra komitee behartig volgens voorskrifte van die Rapportyerraad.

10. BYWONING VAN RONDTES

Lede van die Rapportyerbeweging woon rondtes by, of bied rondtes aan soos van tyd tot tyd deur die Bybelvasvra komitee bepaal.

11. BEËINDIGING

Die Bybelvasvra word alleenlik beëindig kragtens 'n besluit van die Rapportyerraad.

12. REGLEMENTWYSIGINGS

Hierdie reglement kan slegs deur die Rapportyerraad gewysig word, met dien verstande dat die Bybelvasvra komitee bevoeg is om aanbevelings en voorstelle te doen.

----ooOoo----